ALGEMEEN

Bolhuis: Só word boupersele gekaap, kontrakteurs afgedreig

Deur **Linkie Bessinger** | **06 Maart 2020 10:00**

Nege mans is vroeg Donderdagoggend op 'n bouperseel in Randburg, Johannesburg aangehou toe die perseel deur sowat 250 mense gekaap is.

Mike Bolhuis, 'n private ondersoeker van Pretoria, het 'n oproep van een van die koördineerders van die boukontrakteursfirma ontvang om te vra vir sy taakspan se hulp.

"Die polisie was te bang om in te tree. Ek verstaan dit, want die manne is gevaarlik," sê Bolhuis.

Mike BolhuisFoto: Argief

Die kapers het op 'n bedrag van meer as R50 000 aangedring vir die veilige vrylating van die mans wat gyselaar gehou is.

Die hoofkontrakteur van die projek het toegetree, die geld betaal en die mans is teen Donderdag 11:00 vrygelaat.

Die perseel word na bewering steeds deur die kapers beset.

Volgens Bolhuis het net 50 van die 250 kapers reg rondom die bouperseel gestaan terwyl die ander 200 die res van die area volgestaan het.

"Net drie van die groep slaan die sweep.

"Die sindikaat versprei nuus in die omgewing dat daar werk is vir die inwoners en dit is hoe hulle hul getalle vermeerder met so 'n kaping."

Bolhuis sê die leiers fokus op ongeskoolde en arm mense om die getalle van die kapingsgroep op te stoot en sodoende meer intimiderend te lyk.

Hy sê sodra die eerste graaf op 'n bouperseel ingekap word, is daar 'n teiken op die perseel.

"Kontrakteurs moet uiters versigtig wees en 'n behoorlike ondersoek handhaaf in die area waar hulle gaan bou.

"Ek raai alle boukontrakteurs aan om beskermingsmaatreëls en misdaadvoorkoming in plek te sit ter voorbereiding van aanvalle."

* Kaptein Kay Makhubele, Gautengse polisiewoordvoerder, is genader vir kommentaar en dit sal bygewerk word wanneer dit ontvang word.